# SEREMONIES (B)



## Graad 6

## A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Deur die vereistes, dissipline en selfdissipline aan te leer.
2. ŉ Trotse en netjiese houding aan te leer.
3. Die genot van samewerking te laat ervaar.
4. Formele leierskap te laat beoefen.
5. ŉ Positiewe selfbeeld te bou.

## B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Kennis dra van:
   - Die nut van gedissiplineerde bewegings.
   - Die ware doel van vlagseremonies besef.
2. Weet wat is die korrekte drag vir vlagseremonies, en daarom ook deelneem aan ŉ volledige Voortrekker-drag inspeksie.
3. Die korrekte trotse liggaamshouding aanleer en toepas asook die korrekte houding tydens gebed.
4. Die bevele ken vir die verskillende vlagseremonies, en weet hoe die groep voor hom moet optree.
5. Self in ŉ groep op die bevele, deur die Offisier gegee, kan reageer.
6. Die volgende opdragte kan uitvoer:
   - Bewegings in die halt:
     - Staan in rus.
     - Op die plek rus.
     - Aandag.
     - Regs om.
     - Links om.
     - Omkeer.
   - Bewegings vir die vlagseremonies:
     - Saluut korrek uitvoer.
     - Merker.
     - Links en regs rig.
     - Oë front.
     - Herstel.
     - Uittree.
7. Bostaande opdragte aan die groep kan gee.
8. Weet wat is die taak van die merker en kan optree as merker.
9. As vlagdraer tydens al vier die volgende vlagseremonies optree:
   - Vlaghysing en Vlagstryking.
   - Vlagpresentasie en Vlagverwydering.
10. As bevelvoerder van enige een van genoemde vlagseremonies optree.
11. Weet wat om te doen indien iets tydens ŉ vlagseremonie, onder sy bevel, verkeerd loop.
12. Weet watter liedere kan tydens vlagseremonies gesing word.
13. Weet wat die korrekte houding is tydens gebed.
14. Onder leiding van die Offisier ŉ vlagseremonie uitwerk.

## C AANBIEDING

1. Inoefening van houdings, bewegings en bevele moet etlike kere gedoen word om dit werklik onder die knie te kry.
2. Moet nooit lank hiermee besig wees nie. Groter sukses word behaal deur dit meer dikwels maar vir korter tye te doen.
3. Die Offisier moet deurentyd aandag gee aan houding en die uitvoer van bewegings.
4. Baie aandag moet aan die kind in die bevelsposisie gegee word sodat sy selfvertroue gebou kan word. Ons is besig om leiers te vorm.
5. Geleenthede moet vir al die kinders in die span geskep word om op te tree.
6. Onthou: Elke optrede bou aan die kind se selfvertroue.